**Skriflesing:** 2 Kon 22:1-23:3
**Tema:** 'n Bybel in jou bedkassie beteken niks nie.

Die Bybel raak verlore. Dit lê en stof opgaar in die tempel. Hoe is dit moontlik dat Bybel so in onbruik kan verval?
Die Bybel raak verlore wanneer mense se geloof verlore raak en mense se geloof raak verlore wanneer die Bybel verlore raak
Piet Naude skryf: "Die kosbaarste besitting van die kerk, is die Woord.Waar daar Bybelarmoede is, is daar Godsarmoede. En waar daar Woordgebrek is, is daar waarheidsgebrek, en daarom gebrek aan rigting. En nog erger, waar daar Bybelverlies is, kom daar mettertyd Godsverlies"

Ons lees die volgende opdrag in Deuteronomium17:14-15; 18-20:
"Wanneer jy in die land komwat die Here jou God vir jou sal gee, en jy dit in besit geneem het en daarin woon, sal jy sê: 'Ek wil 'n koning oor my aanstel. Elke nasie in my omgewing het 'n koning.' Stel dan tog die koning aan vir wie die Here jou God kies. Jy moet iemand uit jou eie volk as koning aanstel.
"Wanneer hy as koning oor sy ryk regeer, moet hy vir hom 'n afskrif van hierdie wet maak. Hiervoor moet hy die eksemplaar van die Levitiese priesters gebruik.
Hy moet die afskrif by hom hou en sy lewe lank moet hy dit gereeld lees sodat hy kan leer om die Here sy God te dien deur gehoorsaam te wees aan alles in hierdie wet en om volgens al hierdie voorskrifte te lewe.
Dan sal hy hom nie bo sy volksgenote verhef en 'n haarbreedte afwyk van hierdie gebod nie. As hy gehoorsaam is, sal hy lank lewe in sy koninkryk, hy en sy seuns tussen sy volk Israel."

Dit het nie gebeur in tyd van 2 Konings nie.
Josia se voorgangers was sy oupa Manasse en sy pa Amon. Van oupa Manasse lees ons in 2 Kon 21:2. Hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here. Hy het die afskuwelike optrede van die heidennasies nagevolg. Hy het altare vir ander gode in die tempel opgerig. Hy het baie mense om die lewe gebring. Onder hulle was sy eie seun wat hy aan heidense gode laat offer het.
Josia se pa, Amon, het in sy pa se voetspore gevolg (2 Kon 21:20). Hy het dieselfde stinkende afgode gedien. Vir amper 30 jaar het Israel onder heerskappy van konings gestaan wat die Here nie gedien het nie.

Amon word opgevolg deur sy seun Josia. Josia was 'n besondere koning, veral wat sy verhouding met Here aan betref het. Ons lees daarvan in 2 Konings 22:2: "Josia het gedoen wat reg is in die oë van die Here. Hy het in alles die pad van sy voorvader Dawid geloop en daar nie links of regs van afgewyk nie."
In 2 Konings 23:25 staan daar: "Daar was nie voor hom nog so 'n koning soos hy wat hom tot die Here bekeer het met sy hele hart en siel en met al sy kragte in ooreenstemming met die hele wet v Moses nie, en na hom was daar ook nie 'n koning soos hy nie."
Josia het die Here met toewyding en oorgawe gedien.

Ons lees in sy geslagsregister in 2 Konings 22:1 niks van sy pa nie. Daar staan net: "Sy ma was Jedida, 'n dogter van Adaja uit Boskat." Sy ma se naam, Jedida, beteken "liefling". Sy ma se pa se naam,Adaja, beteken "Die Here is 'n sieraad"

Dit is sy verbondsmoeder en -oupa wat God ernstig opgeneem het en Josia van die Here geleer het. Josia was sy ma se kind, ’n geloofskind. Josia loop die pad van sy oorgrootjie, koning Dawid. Hy wyk nie van die geloofspad af nie!

Herlewing terug na die Bybel begin daar waar ouers en grootouers met hul kind op hul skoot sit en vir hul kind uit die Bybel die goeie nuus van Jesus vertel.

Josia het die afgodsbeelde en altare van ander gode afgebreek. Hy het die tempel laat herstel. Wanneer Safan by tempel kom lig die hoëpriester Gilkija hom in dat hy die wetboek in die huis van die Here ontdek het. Hierdie wetboek het waarskynlik bestaan uit dele van die boek Deuteronomium.
Safan lees die wetboek vir Josia en dit raak die koning diep. Hy besef dat hul nooit die Bybel gelees of daarvolgens geleef het nie. Hy verootmoedig hom voor die Here.

Hy stel ook ‘n span van 5 manne aan om by die Here te gaan uitvind wat dit is wat die Here vir die koning en die volk met hierdie ontdekking wil sê. Hulle gaan na profetes Gulda en sy antwoord hulle in 2 Kon 22:16-20. Die volk het die Here verlaat en afgode gedien, daarom het die toorn van die Here oor hulle ontvlam. Sy onheil en oordeel sal oor hulle kom.
Maar die woord het Josia se hart geraak. Hy het berou getoon en hom verootmoedig. Daarom sal hy niks van hierdie oordeel beleef nie en sal hy in vrede sterf.

Nadat hy hierdie boodskap gehoor het, gaan lees die koning die boek vir die volk voor.

Wat leer ons hieruit?
Dat ons daagliks die Bybel moet “ontdek” deur dit te lees. Daarvoor moet ons ’n gereelde afspraak met die Here maak. En ons moet iewers begin lees – dit kan wees by die evangelies of dalk by Psalms. Ons kan ook hulpmiddels soos “Die Bybel in Praktyk” gebruik. Op die gemeente se webblad verskyn ‘n “Saamstap stiltetyd” waarmee ons die Bybel in 2 jaar saam deurlees. Begin net lees.
Lees die Bybel waar jy in jou binnekamer alleen is, maar ons het ook mekaar nodig om saam die Bybel te lees. Lees saam met jou huisgesin en die gemeente by Bybelstudies, omgeegroepe en gebedsgroepe die Bybel.

Die grootste hervorming in die Ou Testament vind plaas na die ontdek van die wetboek. Josia en die volk lees nie net die Bybel nie. Hulle leef ook die Bybel. Ons lees daarvan in 2 Konings 23:3: “Toe het die koning op sy plek gaan staan en 'n verbond met die Here gesluit en beloof om die Here te volg en sy gebooie, verordeninge en voorskrifte met sy hele hart en siel te gehoorsaam en om die bepalings van die verbond soos dit in hierdie boek vasgelê is, na te kom. Die hele volk het die verbond aanvaar.”
Josia en die volk doen wat in wetboek staan. Letterlik staan hier dat hulle “in die verbond gaan staan het”.

Die Here onderneem om vir ons God te wees. Ons onderneem om sy volk te wees. Ons wy ons opnuut aan die Here en ons verbind ons onder ander daartoe om Sy Woord ernstig te neem en daarvolgens te leef. Dit is om “in die verbond te gaan staan”!

Dit is om opnuut te kies vir God, sy Woord en die werk van die Gees in jou lewe. En ek wil elkeen aanmoedig en uitnooi om dit hierdie kwartaal opnuut te doen. Hierdie keuse maak dat jy jou Bybel nuut ontdek en dit getrou en met verwagting lees en leef.
Amen